

WINTERGRAAN: TELING -EN TEGNOLOGIEHEFFING. WAT HET ONS BEREIK?

Gert Heyns. Uitvoerende Hoofbestuurder: SACTA

Die afgelope drie jaar was daar 'n statutêreheffing op koring en gars graanproduksie gewees. Die afgelope seisoen, was daar vir die eerste keer ook 'n heffing op hawer ingestel. Die doel van hierdie heffing is om aanvullende befondsing te voorsien vir nuwe kultivarontwikkeling en word die heffing aan saadmaatskappye en ander instansies wat kultivarontwikkeling doen, volgens hul kommersiële markaandele, oorbetaal.

Omdat koring, gars en hawer self-bestuiwende gewasse is, kan graan teruggehou word as saad en die daaropvolgende seisoen weer geplant word. So byvoorbeeld, word bereken dat ongeveer 65% van die koring-aanplantings, met terughou graan gedoen word. Hierdie praktyk het die gevolg dat saadmaatskappye relatief min saad verkoop en dit dus moeilik vind om hul belegging in navorsing te kan regverdig. Dit is ook hierdie feit wat dit baie moeilik maak het om nuwe genetiese materiaal en in sommige gewasse ook bio-tegnologie, te bekom.

Hoewel graanopbrengs van koring en gars oor die afgelope 20 jaar, op 'n hektaar basis gestyg het, vind produsente dat, ten spyte van hierdie styging in opbrengs, winsgewendheid, as gevolg van stygende insetkoste, steeds onder druk verkeer. Daar moet dus daadwerklik betekenisvolle opbrengsverhogings in hierdie gewasse plaasvind, om die produksie daarvan ekonomies te doen en dan ook om die land se afhanklikheid van invoere te beperk.

Suksesvolle koring -en garsproduksie is die resultaat van die interaksie van alle produksiefaktore. Hoewel faktore soos klimaat, grondbewerking, siekte -en plaagbeheer en ander, 'n baie belangrike rol speel, is die beskikbaarheid van aangepaste, hoë potensiaal kultivars net so belangrik.

Die statutêre heffings is die afgelope drie jaar gevorder en oorbetaal en daar kan met reg gevra word na die vordering wat gemaak is in teelprogramme. Daar is met verskeie instansies kontak gemaak en die vordering is hoofsaaklik die volgende:

1. NAVORSING

In die verlede was dit baie moeilik vir plaaslike maatskappye en instansies om met buitelandse navorsings-instansies verbintenisse aan te gaan, hoofsaaklik omdat daar geen vaste basis vir vergoeding bestaan het nie. Sedert die Teling -en Tegnologieheffing ingestel is, het sake soos 'n handomkeer verander.

1.1 GENETIESE MATERIAAL-ONTWIKKELING

Aansoek deur een van die plaaslike maatskappye is gedoen om deel te wees van 'n projek, deur NAIB (National Institute of Agricultural Botany) in die Verenigde Koninkryk, wat daarop gerig is om opbrengsbeperkende faktore in koring in Suid-Afrika te voorkom deur moderne telings-tegnieke. Hierdie program sal fokus op die selektering van plantwortelstelsels wat hoër opbrengste onder strestoestande kan lewer.

Van die plaaslike maatskappye het verder aansoek gedoen om betrokke te wees in navorsing wat deur die Landbou Navorsingsraad in Australië gelei word. Hierdie navorsings-projek het die doel om deur teling, koring genetica te ontwikkel wat produksie stresfaktore beter kan hanteer. Deur merker ondersteunde teling (Marker Assisted Breeding) en geen-redigering (gene editing) kan die navorsing op ons eie Afrika genetica gedoen word. Om deel te word van hierdie tipe navorsing, moet 'n aansienlike finansiële bydrae gemaak word, wat in die verlede nie moontlik was nie.

In ander gewasse soos mielies en sojabone, het Suid-Afrikaanse produsente oor die afgelope 25 jaar die voordele wat bio-tegnologie kan bring, ervaar. Nuwe GMO tegnologie is nou vir koring ook beskikbaar en is hierdie tegnologie beskikbaar gestel aan 'n plaaslike saadmaatskappy. Hierdie bio-tegnologie bied glifosinaat onkruidododer weerstand, asook droogteverdraagsaamheid. Hierdie tegnologie stel plante ook in staat om onder brak grondtoestande beter te presteer. Hierdie tegnologie is ook nou vir een van die plaaslike Suid-Afrikaanse saadmaatskappye beskikbaar gestel, omdat daar 'n stelsel van eindpunt-vergoeding bestaan en dus kan tantieme vir die tegnologie wel ingesamel word.

Die plaaslike teëlprogramme het ook die afgelope drie jaar heelwat nuwe kultivars gelewer. Gedurende 2018 is 12 nuwe kultivars geregistreer en in 2019 is 7 nuwe kultivars geregistreer. Die onderstaande tabel toon aan vir watter produksie-gebied hierdie nuwe kultivars geskik is.

PRODUKSIE-GEBIED	AANTAL KULTIVARS
Wes-Kaap	4
Besproeiings-gebiede	10
Droëland	5

1.2 SIEKTEWEERSTAND

Hoër opbrengs van wintergrane is natuurlik net moontlik, indien die kultivars wat ontwikkel word, ook die nodige weerstand teen die belangrikste siektes en plaë het. 'n Baie belangrike navorsingsprojek oor die genetiese ontleding van kroonvrot word in Suid-Afrika deur Cengen, in samewerking met University of Queensland in Australië gedoen. Hierdie siekte kom veral in die Wes-Kaap voor en het groot ekonomiese implikasies vir produsente in daardie gebied. Hierdie projek is met die aanvang daarvan uit ander bronne gefinansier. Hierdie bronne het egter hulle bydrae nou ingekort. Een van die plaaslike maatskappye kon egter die finansiering hiervan aanvul, omdat hulle ook nou deur die heffing oor meer fondse beskik.

2. TOERUSTING

Om 'n suksesvolle kultivarontwikkelingsprogram te bedryf, moet duisende persele jaarliks op verskeie lokaliteite geplant en gestroop word. Om die plantproses binne die beste planttyd te kan afhandel, moet van gesofistikeerde proefplantes gebruik gemaak word. Hierdie tipe planters moet uit die buiteland ingevoer word teen 'n hoë koste. Met die stroopproses is die druk nog groter en moet proefstropers gebruik word wat persele kan stroop, die opbrengsmassa en vog% kan bepaal en aanteken. Plaaslike saadmaatskappye het dan ook die afgelope drie jaar van hierdie toerusting bekom en kan die effektiwiteit van die evaluasie-proewe baie verbeter word.

3. NUWE TOETREDERS

Die feit dat daar nou in Suid-Afrika 'n eindpunt-heffing is, wat kan bydra tot die vergoeding van telers vir genetica en tegnologie, het ook belangstelling van nuwe rolspelers gewek. 'n Buitelandse maatskappy, met plaaslike belange, wat nie voorheen in die plaaslike wintergraan mark aktief was nie, het die afgelope seisoen, bestaande kultivars, uit ander wêrelddele in Suid Afrika geëvalueer. Belowende kultivars is geselekteer en nou begin die koste-intensiewe fase van behoorlik uitgebreide proewe in die produksie-areas.

Drie jaar gelede het een van die plaaslike maatskappye ook weer met 'n hawer-teëlprogram begin. Hoewel die grootste mark vir hawersaad in Suid-Afrika hawer as weidingsgewas is, word heelwat hawer ook gebruik in die ontbytgraanmark. Tekorte aan graanhawer word normaalweg ondervind en moet hawer ingevoer word om in die tekorte te voorsien. Hoewel dit 'n relatief klein mark is, kan nuwe kultivars wat in weidings -en graanbehoefte voorsien, waardevolle bydrae lewer.

Die koring -en garsteelprogramme het in die verlede steeds goeie kultivars vrygestel. Wat ons nou egter opmerk is dat daar deur nuwe verbintenisse en gevorderde navorsing, groter momentum aan kultivar-ontwikkeling gegee word. Nuwe kultivars neem egter lank om ontwikkel te word en moet die versekering van 'n volhoubare vergoedingstelsel aan maatskappye gegee kan word. Die eindpunt graanheffing is 'n stelsel wat hierdie versekering kan bied.